

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 103

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Ek het niemand...

Die lewe is maar wreed! Dit het jy nou die laaste tyd agtergekom noudat jy op jou eie bene staan. Vandat jy jou eie baas is... vandat jy vry en onafhanklik geword het.

Wanneer jy eensaam is, het jy niemand naby jou nie... wanneer jy siek en swak voel, het jy niemand wat hom aan jou steur nie... wanneer jy arm en ellendig is, is daar niemand wat jou ken nie... die lewe is sinloos en jy dwaal soos 'n weeskind op die wêreld rond!

Waar het dit begin?

Jy gee die wêreld en die mense die skuld. Die mense het mos nie vandag meer tyd vir hul medemens nie. Dit is net sekere mense wat vandag êrens kom. Jy gee die kerk die skuld. Daar is vandag net plek vir sekere mense in die kerk.

Toe het jy besluit om te breek met die kerk. Jy het onafhanklik gaan lewe. Jy het onverbonde gaan lewe en nou het jy niemand meer nie. Jy is alleen op die wêreld... 'n geestelike weeskind.

Waar sal dit eindig?

Wie breek met die kerk, breek ook met God. Hulle wat God as Vader het, het die kerk as moeder (Calvyn). Wie sy rug op die kerk gekeer het, is losgesny van die huisgesin van God. Hul eensaamheid sal altyd erger word totdat hulle in Godverlatenheid sterwe, want buite die kerk is geen ware gelowiges nie. (Hand. 2:47).

DAAR IS NOG HOOP !

Elke kind het 'n moeder. Ook 'n weeskind het 'n moeder. Al ken hy haar nie, of al wil hy haar nie ken nie — sy bly moeder... ook vir 'n kind wat weggeloop het. Dit mag jy weet: in hierdie koue, onsimpatieke wêreld waarin jy worstel, wag jou geestelike moeder met ope arms op die tuiskoms van haar kind. In die kerk wag daar vir jou mooi dinge!

Ontferming:

In die kerk sal jy die goeie boodskap van verlossing hoor — van die Here se geduld en lankmoedigheid met sondaars. Luister maar: "Kan 'n vrou haar suigeling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie." (Jes. 49:15).

Warmte:

In die kerk sal jy ervaar dat jy nooit alleen is nie. Daar is die warme gemeenskap van die gelowiges — soos kinders in een huisgesin.

"'n Vader van die wese en 'n regter van die weduwees is God in sy heilige woning. God laat die eensames woon in 'n huisgesin, Hy lei die gevangenes uit in voorspoed; maar die wederstrewiges woon in 'n dor land." (Ps. 68:6 en 7).

Versorging:

In die kerk is daar versorging van jou behoeftes. Daar is sielevoedsel. Jesus Christus sê: "Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie." (Joh. 6:35).

Beloftes:

In die kerk is daar heerlike beloftes vir jou: van die ewige lewe wat Jesus Christus vir sondaars verwerf het. Hy het gesterf, sodat die sondaar kan lewe.

"Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom." (Joh. 3:36).

Ek pleit by jou: Keer terug na jou moeder en jy sal werklik lewe!

Kotie de Jager

Dat iedereen skuldig is om hom by die ware kerk te voeg

Ons glo — aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van die wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie — dat niemand, van watter stand of waardigheid hy ook al mag wees, hom daaraan behoort te onttrek om op sy eie te bestaan nie, maar dat hulle almal verplig is om hulle daarby aan te sluit en daarmee te verenig; om die eenheid van die Kerk te bewaar; om hulleself te onderwerp aan sy leer en tug; hulle nek te buig onder die juk van Jesus Christus en, as lede van dieselfde liggaam, onderling diensbaar te wees aan die opbouing van die broeders volgens die gawes wat God hulle verleen het. En om dit des te beter te kan onderhou, is dit die amp van alle gelowiges, volgens die Woord van God, om hulle af te skei van diegene wat nie tot die Kerk behoort nie, en hulle te voeg by hierdie vergadering, op watter plek God dit ook al gevestig het, al sou ook die owerhede en verordeninge van soewereine vorste daarteen wees en al sou hulle die dood of enige lyfstraf moet ondergaan. Daarom handel almal wat hulle van die ware Kerk afskei, of daarby nie aansluit nie, teen die ordinansie van God.

(Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 28.)

KOM JY TROUE TOE?

'n Huweliksuitnodiging

U word dringend uitgenooi om deel te hê aan die huweliksbevestiging van

Die Kerk, as die bruid

met

Jesus Christus, die Bruidegom.

wat sal plaasvind by die Wederkoms.

Lees dit weer 'n keer deur. Dit is j^{ou} uitnodiging na 'n huweliksdag, 'n huweliksonthaal.

Ons almal hou van 'n bruilof. Die stralende bruid in haar pragtige bruidsklere. Die netjiese, flink, romantiese bruidegom. Dit trek jou aan. Kyk, jy het 'n uitnodiging. Jy kan deel hê aan hierdie bruilof, want die bruid waarvan ons praat is die kerk en die Bruidegom is Jesus Christus.

Ek weet jy voel dalk nie te lekker oor die kerk nie, maar bekyk die kerk 'n bietjie vanuit 'n ander hoek. Moet jou nie blind staar teen die foute en gebreke van kerkmense nie.

Sien die bruid en die Bruidegom raak. Dit is hoe die Bybel ons van die verhouding tussen Jesus Christus en die kerk leer — so innig soos 'n huwelik.

Jesus Christus is die Seun van God en Hy het 'n liefdesverhouding aangegaan met 'n meisie, dit is die kerk. Nou is die kerk nog net maar verloof aan Christus. Die troue vind plaas met die wederkoms van die Here. Dink aan die besondere troue. Dink aan jou uitnodiging. Die

Here het dit self gegee.

Openbaring 19 verse 7 en 9:

"Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. Salig is die wat uitgenooi is na die bruilofsmaal van die Lam."

En dit is jy! Kan jy dit glo? Wie kan nee sê vir 'n troue en 'n onthaal soos hierdie. So een moet 'n dwaas wees. Jy móét dit aanneem. Die genooides is almal vriende van die bruid en die Bruidegom. Jy beskou jou miskien nou nie as 'n vriend nie, maar jy kry 'n uitnodiging. Jy word ook uitgenooi om 'n vriend te wees.

Soos 'n bruid altyd vas glo in haar bruidegom, so is dit ook met hierdie huwelik.

Die bruid, die kerk;

— dit is al die mense wat in Jesus glo.

As jy glo — ook jy. Ek is seker jy wil... anders dink net wat mis jy.

Die BRUILOF:

— as jy 'n huwelik op die aarde misloop, is daar nog 'n kans vir 'n volgende een.

Hierdie huwelik waartoe jy nou uitgenooi is, sal die heel laaste huwelik wees... die troue tussen Jesus Christus en die bruidskerk.

Jy kan ook daar wees. Kom! Hier is plek vir jou. Jesus roep! Moenie nee sê nie. Glo in Hom. So is jy dan deel van die bruid — dan trou Hy met jou — vir ewig.

Nico van der Merwe

Die volkomenheid van die heilige Skrif om alleen die reël van die geloof te wees

Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word. Want aangesien die wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin geheel-en-al en uitvoerig beskrywe is, is dit aan geen mens, al was dit ook die apostels, geoorloof om anders te leer nie as wat ons alreeds geleer word deur die heilige Skrifte; ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê. Want omdat dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat, is daardeur duidelik genoeg dat die leer daarvan geheel volmaak en in alle opsigte volkome is. En geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook al gewees het, mag met die Goddelike Skrifte gelyk gestel word nie, of ook die gewoonte met die waarheid van God nie — want die waarheid is bo alles — of ook die groot menigte of die oudheid of die opvolging van tye of persone, of die Kerkvergaderinge, verordeninge of besluite nie; want alle mense is uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self. Daarom verwerp ons van ganser harte alles wat met hierdie onfeilbare reël nie ooreenkom nie, soos die apostels ons geleer het as hulle sê: Stel dié geeste op die proef of hulle uit God is. En ook: As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie.

(Ned. Geloofsbelydenis, Art. 7)

Waarom is die kerk so vol sondes?

Bekommerd

Piet was 'n bekommerde man. Sy gewete het hom elke dag gepla — veral Sondag, wanneer die kerkklok lui en hy vir oom Koos en tant Sannie kerk toe sien stap, het hy skaam gevoel oor sy kerklose lewe. Oom Koos en tant Sannie is sulke goeie mense. Dit lyk nie of hulle sondes het nie. Dit het Piet nogal jaloers gemaak... jaloers om ook soos hulle te wees. Moet hy nie ook maar kerk toe gaan nie?

Kerk vol sondige mense

Toe het Piet begin kyk wie ook kerk toe gaan. Was sy ontnugtering groot! Hier sit Jan, die ou skelm wat sy vriend anderdag so gruwelik verneuk het met daardie huistransaksie. Daar sit Sally en sy kan so vreeslik skinder. Werklik, daar is ou Gert ook. Gert leef feitlik met almal in kwaai vriendskap.

Gewete gesus

Wat was Piet se reaksie? Hy het dadelik beter begin voel. Sy gewete pla hom nie meer nie. As die kerk vol sondaars sit, dan huigel hulle mos en hy huigel nie. Nee wat! Hy gaan nie Sondag met 'n vroom gesig en huigel nie. Hy is immers 'n eerlike man — al behoort hy nie aan 'n kerk nie. Hy doen hom nie voor vir iets wat hy nie is nie.

Piet het maar weer voortgegaan met sy kerklose lewe. Sy gewete is gesus. Die kerk is vol sondes en sondaars.

Kerk vol sondes

U weet, Piet is reg! Die kerk **is** vol sondes en sondaars. Daar sit nie één wat nie vol sondes is nie. Selfs die liewe oom Koos en tant Sannie is vol sondes en gebreke. Waarom dan so huigel? Waarom noem hulle hulself heiliges?

In Christus geheilig

Kyk, dit is nie omdat hulle in hulself heilig is nie. Geen mens is heilig in of deur homself nie. Die kerk leef immers in en te midde van 'n gebroke wêreld en daarom is die sonde ook binne in die kerk. Lees maar net die kritiek van Jesus self waar Hy die gemeentes van Klein-Asië hul sondes aanwys (Openb. 2 en 3). Die belangrike saak is dat hulle in Christus geheilig is.

Piet het met homself tevrede gevoel toe hy hom met die kerkmense vergelyk het. Maar wat Piet nie beseft het nie, of nie wil beseft nie, is dat kerkmense nogtans oneindig meer bevoorreg is as hy. Hulle is almal sondaars, maar hulle beseft dat Christus juis gekom het vir sondaars soos hulle. Daarom behoort hulle aan die kerk — Christus se kerk.

Op die lang duur geen rus

Piet sus sy gewete met iets wat op die lang duur geen rus sal bring nie, want as jy jou met die sondige mens vergelyk en dan tevrede met jouself voel, bring dit nie blywende rus nie. Die enigste blywende rus is wanneer jy jou sondige lewe ken en bely en dan na Jesus Christus vlug! Hy sê immers: "Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee."

Rus in Christus

Is u Piet se geesgenoot? Weet dan dat u nie rus sal vind deur te sê: Ek behoort nie aan 'n kerk nie, omdat die kerk vol sondes is nie. U sal alleen rus vind indien u u by die sondaars skaar, want u is ook 'n sondaar! Alle sondaars vind rus by Hóm... wat vir ons sondes betaal en ons deur Sy bloed geheilig het.

P.V.D.W.

OOR DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK

Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene Kerk wat 'n heilige vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie Kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde toe, soos daaruit blyk dat Christus 'n ewige Koning is wat nie sonder onderdane kan wees nie. En hierdie heilige Kerk word deur God bewaar of in stand gehou teen die woede van die hele wêreld; alhoewel dit somtyds 'n tyd lank baie klein is en in die oë van die mense skynbaar tot niet geraak het — soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab seweduisend mense bewaar het wat hulle knieë voor Baal nie gebuig het nie. Bowendien is hierdie heilige Kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of tot sekere persone nie, maar dit is verspreid en verstrooid oor die hele wêreld; nogtans is dit saamgevoeg en verenig met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof.

(Nederlandse Geloofsbelydenis. Art. 27.)

Wie is die kerk om my te tug?

Ek kan baie goed begryp waarom jy hierdie vraag vra.

Dit is nou eenmaal so dat 'n mens graag onafhanklik wil wees. Jy laat jou nie maklik voorsê nie. Teen enigeen wat hom met jou sake bemoei, kom jy in opstand. In die alledaagse lewe is dit 'n doodnatuurlike verskynsel. Jy laat net eenvoudig nie enigeen toe om met jou persoonlike sake in te meng nie. Waar kom die kerk dan nou aan die reg om hom met jou te bemoei en jou onder sensuur te plaas? Dit was dan ook waarskynlik die rede waarom jy die kerk bedank het.

Miskien was jy te haastig. Miskien het jy die taak en die reg en die motief van die kerk nie reg begryp nie. Het jy geweet dat die kerk niks doen, tensy hy sy opdrag van God ontvang het nie? Nou wil jy weet hoe kry die kerk sy opdragte van God? Ek sal jou sê. Alle opdragte is in die Woord van God (die Bybel) vervat. Ook die opdrag om lidmate wat hulle misgaan, onder tug te plaas. As God so 'n opdrag gee, dan móét ons ons daarby neerlê.

In Mattheus 16:19 staan geskryf: "En ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees." In Mattheus 18:18 vind ons dieselfde toekenning van mag en bevoegdheid. In Joh. 20:23 is iets soortgelyks: "As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou."

Hierdie mag en bevoegdheid is aan die ouderlinge as opvolgers van die apostels toevertrou. Die ouderlinge is dus gesante van Christus en moet optree as bewakers van die heiligheid van die kerk. Soos jy self seker weet, was Calvyn 'n baie begenadigde mens. Hy het die gawe besit om die opdragte in God se Woord baie duidelik te onderskei.

Calvyn het onder andere gesê: Die ware kerk word uitgeken aan drie kentekens te wete:

1. Die suiwere prediking.
2. Die suiwere bediening van die sakramente.
3. Die toepassing van die kerklike tug.

Dit gaan nou hier oor die derde kenteken, nl. die tug.

Die doel van die tug is drieërlei:

1. Die eer van God.
2. Die heiligheid van die gemeente.
3. Die behoud van die sondaar.

Wanneer die eer van God vertrap word, moet die tug toegepas word. Wanneer die heiligheid van die gemeente in gedrang kom, moet die tug toegepas word, want een slegte appel in 'n kissie, kan die hele kissie laat sleg word. Verder is die tug 'n godgegewe middel om die gewete wakker te maak en die afgedwaalde tot inkeer te bring.

Wanneer iemand dus getug word, is dit nie omdat die kerk daardie persoon haat nie, maar juis omdat hy hom liefhet. Hy wil die lidmaat behou vir die koninkryk van God. Hy wil hom behou om eendag die ewige heerlikheid te beërwe. Spreek dit dan van haat? Beslis nie! Dit spreek van opregte liefde.

Ons moet dus dankbaar wees wanneer 'n kerkraad, in die Naam van Christus, in ons belang stel en met ons bemoeienis maak. Eintlik is dit ons hemelse Vader wat Hom met ons bemoei. Jy kan dus teruggaan na die kerk wat jou getug het en God dank vir sy bemoeienis.

P.A. Smit.

Ek het God nie nodig nie

Jy het toe die kerk bedank onder die dekmantel dat jy met God en met alles wat na godsdiens lyk, afgereken het. Jy, as gevorderde wetenskaplike, het vir jouself die saak so uitgemaak:

Ek kan nie dinge glo wat nie bewys kan word nie. Ek betwyfel die saak wat die mense geloof noem. Die kerk en Christendom is jare agter by die nuutste ontdekkings van die wetenskap. Meewarig, skouerophalend en weifelend staan hulle en kyk na die nuwe wêrelde wat oopgebreek word deur die wetenskaplikes.

Jy voel dáár is die lewe: daar waar gebuig word oor maanstof om die geheime te ontrafel, waar ontdekking op ontdekking gemaak word deur manne wat in die ruimte wandel, waar oor proefbuis geswoeg word om die lyding van mense te versag, waar die nuwe hart klop in 'n ander man se borskas, waar die psigiater regmaak wat God nie kan regmaak nie.

Voorafgaande is die dinge wat vir jou tel, want die bewys lê voor jou. Jy kan dit verstandelik beredeneer en omvat in terme van oorsaak en gevolg. Sonder die bewys is dit volgens jou mening onmoontlik om te glo.

* * *

Vir jou eerlikheid en moed om jou saak te stel, het ek agting. Jou wetenskaplike arbeid dra my bewondering weg en die feit dat jy dink oor die dinge, is goed.

Sê my of jy nie dink dat iewers 'n ongerymdheid ingesluip het nie? Jy wil God en die geloof bewys — maar jy as denker moet tog saamstem dat daar dinge is wat nie bewys kan word nie. Bewys vir my tasbaar en sigbaar jou liefde vir jou vrou. Toon aan my konkreet jou vertedering vir jou slapende kind, jou liefde vir die natuur, jou grond, jou land. Kan jy dit in terme van oorsaak en gevolg bewys?

Kom ons voer die gesprek verder. Ons elkeen verwag van ons kind gehoorsaamheid. Waarom wil ons dit nie aan God bewys nie? Ons elkeen betaal ons water- en ligterekening sonder teësprak. Waarom dan nie ook aan God gehoorsaam wees nie? Ons hou stil by 'n rooi robot sonder om te wil bewys dat dit rooi is. Waarom dan by God wil verbystap?

Ons buig voor baie wette en bepalinge sonder om twee maal na te dink of iets te wil bewys. Ons aanvaar baie dinge sonder om te bevraagteken, maar ons wil God bevraagteken.

Dit is tog nie konsekwente wetenskaplike denke nie?

Wie het die wonder vasgevang in 'n druppel water?

Wie het die bome in jou tuin bevel gegee om te bloei?

Wie het die vreugde weggelê in die lag van jou kind?

Ek wil jou nooi om hierdie dinge te oordink. Dit is die agenda vir ons volgende gesprek — jou vraagtekens.

Ons doelpunt is God se uitroep: Jesus Christus.

C. J. H. Venter.

Wat sê Gods Woord van die tug?

83. Vr. Wat is die sleutels van die hemelryk?

Antw. Die verkondiging van die heilige Evangelie en die Christelike ban of uitsluiting uit die Christelike gemeente; deur hierdie twee handeling word die hemelryk vir die gelowiges geopen en vir die ongelowiges gesluit.

84. Vr. Hoe word die hemelryk deur die prediking van die heilige Evangelie oopgesluit en toegesluit?

Antw. Só dat, volgens die bevel van Christus, aan die gelowiges, aan almal saam en elkeen afsonderlik, verkondig en openlik betuig word dat al hulle sondes waaragtiglik ter wille van die verdienste van Christus deur God vergewe is so dikwels as hulle die belofenis van die Evangelie met 'n ware geloof aanneem; en daarteenoor aan al die ongelowiges en aan die wat hulle nie van harte bekeer nie, verkondig en betuig word dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank as hulle hul nie bekeer nie (a); volgens hierdie getuienis van die Evangelie sal God oordeel in hierdie lewe sowel as in die toekomstige.

(a) Joh. 20: 21—23; Matt. 16: 19.

85. Vr. Hoe word die hemelryk toegesluit en oopgesluit deur die Christelike ban?

Antw. Só dat, volgens die bevel van Christus, die wat onder die Christelike naam hulle onchristelik in leer of lewe openbaar, as hulle nadat hulle verskeie male broederlik vermaan is, van hul dwalinge of hul skandelige lewe geen afstand wil doen nie, by die gemeente of die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, aangegee moet word; en, as hulle hul aan die vermaning nie steur nie, dan word die Sakramente hulle deur dié persone verbied en hulle uit die Christelike gemeente en deur God self uit die Ryk van Christus uitgesluit; terwyl hulle weer as lede van Christus en van sy gemeente aangeneem word wanneer hulle waaragtige verbetering beloop en bewys.

(a) Matt. 18: 15—17; 1 Kor. 5: 4, 5, 11; 2 Kor. 2: 6-8.

(Heidelbergse Kategismus, Sondag 31.)

WAAR IS U NODIG?

Die vraag in die opskrif is miskien vreemd; des te meer só as ons dit koppel aan die terme **kerklosheid** en **kerkloosheid**. Hierdie laaste twee woorde is egter vir u bekend. Dit is trouens begrippe wat vandag opnuut in die brandpunt van ons aandag kom. Daaroor word baie gesprek en diep gepeins — in preke en by huisbesoek, op vergaderings en konferensies, deur geskrifte en artikels.

Wat beteken dit? Net wat daar staan — 'n kerklose mens leef **los** van die kerk — 'n kerklose mens leef **sonder** die kerk. Daar is duisende van hulle rondom ons.... by ons. **Miskien is u self een van hulle?**

Belydenisstandpunt

Teen hierdie gees van kerklosheid en kerkloosheid het die Gereformeerde Kerke nog altyd standpunt ingeneem met 'n Skrifgebonde belydenis.

"Ons glo dat niemand, van watter stand of waardigheid hy ook al mag wees, hom daaraan — dit is die kerk — behoort te onttrek om op sy eie te bestaan nie" maar "dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly." (N.G.B. art. 28 en H.K. Sondag 21.)

Die gelowiges vorm 'n gemeenskap in Christus en dit spreek dus vanself dat **elke** gelowige deel van hierdie gemeenskap behoort te wees. In die kerk.... as lewende lidmaat met al die voorregte en verpligtinge wat hierdie lidmaatskap meebring.

Is die kerk nodig?

Miskien het u hierdie vraag al gehoor, of soms self in hierdie trant geredeneer?

Luister!

Ek is 'n gelowige wat gereeld die Heilige Skrif bestudeer en daagliks in die gebed volhard. In my huis en by my werk stel ek my na die beste van my vermoë in die diens van die Here en probeer ek om as 'n selfstandige en verantwoordelike Christen op te tree.

Daarom het ek die kerk nie nodig nie!

Daar is redes hiervoor. Die kerk is te deurdronge met 'n atmosfeer van skynheiligheid en selfgenoegsaamheid; die kerk is soos 'n konsentrasiekamp wat die lewe wil inperk met gebod op gebod en reël op reël; die kerk word op só 'n burokratiese wyse georganiseer dat die spontane geloofsbelevens daarin versmoor word.

Ek kan die lewe dus maar kerklos en kerkloos deurgaen. Christus was tog nog nooit die **alleen**-besit van die kerk nie en die kerk kan my ook nie **salig** maak nie.

'n Teenvraag

Baie van hierdie argumente is gewigtig. Dit stem tot nadenke. Aan hierdie kritiek kan selfs die waarheid ten grondslag lê, want die gemeenskap van die gelowiges — die kerk — is 'n vergadering van sondaarmense. Waar die mens is, is daar gebreke en tekortkominge — selfs die kerk van Jesus Christus is hierteen nie te vrywaar nie.

Daarom het die kerk u miskien nodig — met u gawes en verstand en geloof! 'n Lewende lidmaat is 'n lidmaat wat hervorm. Hy kla selfs die moeder aan as dit nodig is.

Watter groot geleentheid!

Watter heerlike voorreg!

Saam met u geloofsgenote kan u in die kerk stry vir die waarheid.

Wie het dus vir wie nodig?

U vir die kerk en die kerk vir u!